# Vanderbijl Fotobklub se puik oes

VANDERBIJLPARK. - Die beoordelaars by die Februarie-klubaand van die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging moes goed kopkrap want die standaard van inskrywings was oor die algemeen hoog.

Foto's wat aanlyn ingeskryf is, is vooraf beoordeel en Johan Joubert, 'n senior fotograaf, se " Cheetah pair" is as wenner aangewys.

Die tema van die maand was 'Rook" en die kreatiwiteit van die lede was interessant om te aanskou. Chanel Enslin se "All that remains" is as die senior-afdeling se wenner aangewys (4, 5 Ster en hoër graderings), terwyl Leanie Hattingh met "Drifting" die junior-afdeling se wenner was (1, 2 en 3 Ster).

In die ope-afdeling waar enige foto's ingeskryf kan word, was dit weer Leanie Hattingh wat in die junior-afdeling met haar foto "Blou oog" as wenner aangewys is. In die senior-afdeling is die wenfoto, "Fly for lunch" deur Rensia Fourie ingeskryf.

Selfoonfoto's raak toenemend gewild en Chanel se "Canola time" was 'n waardige wenner. In die junior-afdeling het 'n nuwe lid, Wannie Oosthuizen, met sy foto "Tydloos" beïndruk.

Monochroom foto's is nie altyd so maklik om perfek aan te bied nie, maar Koos Fourie het met "Verlate vallei" gewys waarom hy 'n meester is. Hierdie foto was ook die algehele wenfoto van die aand. Veelsydige Leanie Hattingh se "Happy feet" was die junior wenner.


Die klub is 'n gesinsklub waar fotograwe deur middel van opbouende kommentaar kan leer hoe om hulle fotografie te verbeter en te geniet. Behalwe vir Klubaande op Vrydae bied die klub ook opleidingsessies op die derde Dinsdagaand van die meeste maande by Klip River Estates in Vereeniging aan. Daarbenewens vind praktiese uitstappies na nabygeleë venues soos die Ekopark in Vaalpark ook op 'n gereelde basis plaas. Hier leer beginners onder die bekwame leiding van senior fotograwe meer van 'n spesifieke aspek van fotografie, soos bv. Makro-fotografie. Alle amateur fotograwe word genooi om die klubaande op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor ouditorium in Vanderbijlpark by te woon op die derde Vrydagaand van elke maand, behalwe Desember. Klubaande begin om 18:30. Die volgende klubaand is 24 Maart en die tema van die maandonderwerp is 'Oud'. Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging is geaffilieer by PSSA (Photographic Society of South Africa), die nasionale liggaam wat na die belange van amateur fotograwe in Suid Afrika omsien. PSSA bied elke maand 'n kompetisie vir geaffilieerde klubs aan en die beste foto tydens 'n klubaand word vir hierdie kompetisie ingeskryf. Die klubwenners skryf maandeliks vir hierdie kompetisie in.Wenfoto's en ander interessante inligting kan by www.pssa.co.za gevind word.


Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za, https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub en webwerf www.vdbp-fotografie.org.



Johan Joubert se "Cheetah pair".



Chanel Enslin se "All that remains".


Leanie Hattingh se "Blou oog".


"Fly for lunch" deur Rensia Fourie.


Chanel Enslin se "Canola time".


Koos Fourie se "Verlate vallei".

Bid X1.
Familie Huis – Bestorwe Boedel
Opdrag gegee deur die eksekuteurs van die bestorwe boedel MG Malindi
(Meesters Verw: 003247/2017)

• Goed gelee naby aan skole en ander geriewe
• Erf Groote: 1,531 m2
• Lakeside, Gauteng
Openings bod R150,000
Bieëry begin 10vm op 23 Maart
Vir meer inligting: anton.k@bidx1.com | +27 83 631 5950
Besigtig die veilings voorwaardes en termes op bidx1.com